higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE REKENINGKUNDE N4

(4010154)

6 Oktober 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

180Q1B2006

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE REKENINGKUNDE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Geen potlood moet gebruik word.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1 (9 minute)

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 'n Bate wat deur die onderneming gekoop word met die doel om dit binne 'n jaar vir kontant te verruil, is ...

A 'n vaste bate.
B 'n bedryfsbate.
C deel van eienaarsbelang.
D 'n bedryfslas.

1.2 Mense wat geld aan die onderneming skuld, staan bekend as ...

A handelskrediteure.
B ontvangste.
C vaste bates.
D debiteure.

1.3 Watter een van die volgende transaksies sal nie in die kontantbetalingsjoernaal aangeteken word nie?

A Werknemerlone
B Toename in eienaar se kapitaalbydrae
C Kontantaankope van toerusting
D Huur van die gebou waarin die onderneming bedryf word

1.4 Watter een van die volgende het 'n kreditesaldo?

A Uitgawes ('expenditure')
B Bates
C Kapitaal
D Uitgawes ('expenses')

1.5 Die betaling van uitgawes ...

A verhoog eienaarsbelang en verhoog bates.
B verhoog eienaarsbelang en verminder bates.
C verminder eienaarsbelang en verminder bates.
D verminder eienaarsbelang en verhoog bates.

1.6 Die brondokument wat gebruik word om betaling van die eienaar se persoonlike telefoonrekening per tjek aan te teken is 'n ...

A tjekteenblad.
B tjek.
C duplikaat kwitansie.
D telefoonrekening.

Kopiereg voorbehou

1.7 Watter rekening moet gedebiteer en gekrediteer word wanneer handelsware vir kontant verkoop word?

A Debiteer bank en krediteer verkope
B Debiteer verkope en krediteer bank
C Debiteer voorraad en krediteer bank
D Debiteer bank en krediteer aankope

1.8 Die brondokument wat gebruik word om kontantaankope van goedere aan te teken is 'n ...

A dulikaat kleinkasbewysstuk.
B duplikaat kasregisterrol.
C tjekteenblad.
D tjek.

1.9 Bepaal eienaarsbelang indien die beginsaldo van die kapitaalrekening R182 500 beloop, die netto wins aan die einde van die finansiële jaar R24 800 beloop, en onttrekking deur die eienaar R32 500 beloop.

A R172 500
B R102 800
C R125 200
D R174 800

1.10 Watter een van die volgende brondokumente maak nie deel uit van die kontantontvangstejoernaal nie?

A Kasregisterrol
B Tjekteenblad
C Duplikaat kwitansies
D Duplikaat depositostrokie

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2 (4 minute)

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Die doel van rekeningkunde is om van transaksies rekord te hou.

2.2 In vennootskappe is die vennote gesamentlik en afsonderlik vir skuld verantwoordelik.

2.3 'n Wins word getoon wanneer 'n organisasie se uitgawes die inkomste oorskry.

2.4 Die geld wat die eienaar gebruik om die onderneming mee te begin word kaskontant genoem.

2.5 Die bankrekonsiliasiestaat is 'n uitbreiding van die besigheid se bankrekening.

(5 × 1) **[5]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3 (9 minute)

Kies 'n term uit KOLOM B OM by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Grond en geboue	A	bedryfsbates
3.2	Handelsvoorraad	B	inkomste
3.3	Bankoortrekking	C	vaste bates
3.4	Koste van verkope	D	eienaarsbelang
3.5	Langtermynlening	E	bedryfslaste
3.6	Korting ontvang	F	uitgawes
3.7	Kapitaal	G	vaste skulde
3.8	Tjekteenblad	H	loon
3.9	Inkomstebelasting	I	brondokument
3.10	Tydelike arbeid	J	LBS

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4 (18 minute)

Gebruik die volgende inligting om die eienaar van WEST BAKKERY te adviseer oor hoe om Zee en Jed se netto loon vir die week geëindig 25 November 2018 te bereken.

Alle berekeninge moet tot die naaste rand afgerond word.

INLIGTING:

- Normale ure is 45 uur per week van 6 dae. Maandae tot Vrydae 8 uur per dag en Saterdae 5 uur.
- Zee het Maandag 8 uur gewerk, Dinsdag 11 uur, Donderdag 9 uur, Vrydag 10 uur en Saterdag 5 uur. Hy het Woensdag 'n afspraak by die dokter gehad (R30 per uur vir gewone tyd en R45 per uur vir oortyd).
- Jed het Maandag 13 uur gewerk, Dinsdag 14 uur, Woensdag 8 uur, Donderdag 8 uur, Vrydag 2 uur en Saterdag 6 uur. Hy het met die eienaar van West Bakkery ooreengekom om Dinsdag se oortydure op Vrydag af te neem, eerder as om daarvoor betaal te word (R20 per uur vir gewone tyd en R30 per uur vir oortyd).

Kopiereg voorbehou

Detail van die aftrekkings:

- Pensioenfondsbydraes moet teen 7,5% van die werknemers se lone vir normale tyd afgetrek word.
- LBS (inkomstebelasting) is 25% van die bruto lone nadat pensioen in aanmerking geneem is.
- WVF moet teen 1% van die werknemer se bruto salaris vir normale tyd afgetrek word.

Mediesefondsbydraes word soos volg afgetrek:

- Zee R175 en Jed R150 per week.

Toon die volgende berekeninge vir Zee en Jed:

4.1 Gewonetydure

4.2 Oortydure

4.3 Bruto loon

4.4 Pensioenfonds

4.5 Mediese fonds

4.6 LBS (inkomstebelasting)

4.7 WVF

4.8 Totale aftrekkings

4.9 Netto loon

4.10 Die totale loonbedrag van die twee werknemers wat die boekhouer in die kontantbetalingsjoernaal van West Bakkery vir November 2018 moet toon.

(10 × 2) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 45

AFDELING B

VRAAG 5 (43 minute)

Die volgende saldo's en totale verskyn in die algemene grootboek van SAINT GERBY HANDELAARS op 30 November 2018, die einde van hul finansiële jaar.

5.1 Gebruik die volgende inligting om die handelsrekening en wins-en-verlies-rekening vir die jaar geëindig 30 November 2018 te voltooi. (23)

5.2 Berei slegs die batesafdeling van die balansstaat vir die jaar geëindig 30 November 2018 voor. (8)

5.3 Toon die notas vir die balansstaat. (19)
[50]

PROEFBALANS VIR SAINT GERBY HANDELAARS OP 30 NOVEMBER 2018

BALANSSTAATAFDELING	DEBIET	KREDIET
Kapitaal		1 931 720
Trekkings	10 000	
Grond en geboue	800 000	
Toerusting	730 000	
Voertuie	705 400	
Handelsvoorraad (1 Desember 2017)	345 000	
Debiteurekontrole	750 000	
Bankrekening		635 000
Kleinkas	6 000	
Kaskontant	5 700	
Krediteurekontrole		55 000
Lening: ABSA Bank (22%)		80 000
NOMINALEREKENINGEAFDELING		
Verkope		1 700 600
Aankope	770 000	
Invoerbelasting	18 900	
Skryfbehoeftes	43 270	
Vervoer van aankope	25 000	
Salarisse en lone	400 900	
Kommissie ontvang		93 685
Vervoerkoste van verkope	13 255	
Water en elektrisiteit	150 680	
Huur ontvang		300 700
Regskoste	22 600	
	4 796 705	**4 796 705**

Handelsvoorraad voor hande, ná fisiese voorraadopname op 30 November 2018, was R280 000.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6 (85 minute)

Linia Hardwarehandelaars is 'n handelsonderneming wat in die verkoop van verskillende tipes hardeware spesialiseer.

Gebruik die volgende brondokumente en voltooi:

6.1 Die kontantontvangstejoernaal. Moenie die joernaal afsluit nie. (20)

6.2 Die kontantbetalingsjoernaal. Moenie die joernaal afsluit nie. (28)

6.3 Die kleinkasjoernaal. Sluit die joernaal af. (30)

6.4 Stel op en balanseer die kleinkasrekening in die algemene grootboek. (12)
[90]

DETAIL VAN BRONDOKUMENTE

DUPLIKATE VAN KWITANSIES UITGEREIK

Desember 2018

1 no. 230 aan Clay Tiles vir huur, R2 400

6 no. 231 aan Builders vir korting, R3 620,20

11 no. 232 aan Laurent Bpk vir geld wat hy uit sy privaatrekening onttrek en in die besigheidsrekening inbetaal het, R10 000

21 no. 233 aan Sidonia vir kommissie op boumateriaal verkoop, R2 600

KASREGISTERROL

Desember 2018

8 R3 255,70

31 R562,15

DUPLIKATE VAN BANKDEPOSITOSTROKIES

Desember 2018

6 R6 020,20
11 R13 255,70
21 R2 600,00
31 R562,15

TJEKTEENBLAD

Desember 2018

1 no. 900 kontant vir kleinkas, R200

2 no. 901 aan Wiggles vir 5 grassnyers teen R5 164 elk

4 no. 902 aan Shahab Munisipaliteit vir eiendomsbelasting, R850

10 no. 903 kontant vir kleinkas, R50

11 no. 904 aan DIY vir hardeware aangekoop, R6 720

12 no. 905 vir voorraad ontvang van Afrox Plaveisel, R5 970

13 no.906 vir advertensies aan Serine Drukkers, R1 050

15 no. 907 aan Telkom vir besigheid se telefoon, R240, en die eienaar se privaat telefoon, R85

21 no. 908 aan Walton's vir drukkerpapier en koeverte, R200

31 no. 909 kontant om kleinkasvoorskotbedrag reg te stel

KLEIKASBEWYSE UITGEREIK

Desember 2018

1 no. 721 vir seëls, R26

3 no. 722 vir binneband vir afleweringsvoertuig, R40

8 no. 723 vir tydelike arbeid, R50

20 no. 724 vir koffie en tee, R23

22 no. 725 vir eienaar se brandstof, R21

24 no. 726 vir los werker, R97

25 no. 727 vir hardeware aangekoop, R73

26 no. 728 vir penne en potlode by J en Lee Handelaars, R120

29 no. 729 vir kontantskenking aan SANTA-kinderhuis, R286

31 No. 730 vir handelsware by 'n veiling gekoop, R164

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

VRAAG 7 (12 minute)

Die volgende inligting verskyn op 30 November 2018 in die boeke van Mollie Handelaars:

7.1 Die bankstaat is reeds met die kontantontvangstejoernaal en die kontantbetalingsjoernaal vergelyk en die aanvullende inskrywings vir November 2018 is in die bogenoemde kontantjoernale gedoen.

7.2 Die bankrekening in die algemene grootboek van Mollie Handelaars toon op 1 November 2018 'n debietsaldo van R520,60.

7.3 Die totaal van die bankkolom in die kontantontvangstejoernaal was R82 760,50.

7.4 Die totaal van die bankkolom in die kontantbetalingsjoernaal was R53 693,26.

7.5 Die volgende tjeks verskyn nie op die bankstaat nie:

Tjeknommer 423	570,80
Tjeknommer 329	920,60
Tjeknommer 333	1 524,77

7.6 'n Deposito van R5 890,70 wat Mollie Handelaars op 30 November 2018 gemaak het verskyn nie in die bankstaat vir November 2018 nie.

7.7 Die bankstaat toon 'n batige saldo van R26 713,31 op 30 November 2018.

VERLANG:

Berei die bankrekonsiliasiestaat vir die maand geëindig 30 November 2018 voor. (Moenie die kontantontvangste- en -betalingsjoernale voorberei nie.) **[15]**

TOTAAL AFDELING B: 155
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou